

7 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: 1 KRONIEKE 16 (OAV)
FOKUSGEDEELTE: 1 KRONIEKE 16:11

“Vra na die HERE en sy sterkte; soek sy aangesig altyddeur.”

Hoe soek ek die aangesig van die Here?

- *Doen dinge soos die Here dit wil hê en nie soos jy voel om dit te doen nie!*

Dawid wou die ark van die Here na Jerusalem bring, maar vra nie hoe die Here wil hê dat dit gedoen moet word nie; daarom sterf Ussa as hy aan die ark raak. Hierna het Dawid presies navraag gedoen na die wil van die Here en die ark vervoer soos God dit voorgeskryf het. Daarom kon hy hierdie vreugdefees wat in 1 Kronieke 16 beskryf word, vier. God roep ons om sy teenwoordigheid (“sy aangesig”) op te soek. Hy wil Homself aan ons openbaar. Hy wil ons sy vrede gee wanneer ons ervaar dat Hy by ons is in sy onmeetlike krag en genade. Wil jy God se nabyheid ervaar? Begin deur noukeurig vas te stel wat sy wil is vir elke faset van jou lewe en leef dan daarvolgens.

- *Skep geleenthede!*

Dawid organiseer 'n fees en hy gebruik verskillende dinge om die volk te begelei om die Here se aangesig te soek. Hy seën die volk. Die volk eet saam, mense maak musiek en 'n koor sing 'n spesiale lied. Hy skep die geleentheid vir die volk om in die teenwoordigheid van die Here te kom. God roep ons as individue, gesinne en gemeentes om doelbewus geleenthede te reël waar ons God saam kan ontmoet. Ons dink aan geleenthede soos die erediens, nagmaal, doop en dae van verootmoediging, maar ook aan verjaardae, huweliksherdenkings, doopgeleenthede en gesins- of familiebyeenkomste na belydenisaflegging – almal kan as geleenthede dien waar ons saam God verheerlik.

Dr Gert Breed (Randburg)